PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA
Hoofbeampte: Ds AH Minnaar
Registrasieno 12/8/3615/1
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
T 021 957 7100
S 083 270 5211
E bossie@kaapkerk.co.za
www.ppfkaapkerk.co.za

Omsendbrief PPF-1/2018

Verwys: Mev Elodie van der Walt

1 Desember 2017

AAN ALLE LEDE EN DEELHEBBERS VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA

Geagte Medewerker

BYDRAES EN VERPLIGTINGE – 1 MAART 2018 TOT 28 FEBRUARIE 2019

1. INLEIDING

Die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in SA (PPF) is vanaf 1 Januarie 2008 'n vaste bydrae pensioenfonds. Met 'n vaste bydrae struktuur word die bydraekoerse vir die lid en die werkgewer vasgestel. 'n Aftreevoordeel word nie gewaarborg nie. Die bedrag van elke lid se aftreevoordeel is afhanklik van die grootte van die bydraes wat deur en namens die lid gemaak word en die opbrengs wat op die belegging van hierdie bydraes verdien word.

AFTREEVOORDEEL

Lid se bydrae
+ Werkgewer se netto bydrae
+ Opbrengs
(Van die Werkgewer se bruto bydrae word die koste en die risikopremies verhaal)

Lede het 'n keuse ten opsigte van bydraevlakke. Die werkgewer (gemeente) moet skriftelik onderneem om lede se gewysigde bydraevlak te betaal.

2. VOORDELE EN VERPLIGTINGE VANAF 1 MAART 2018

Pensioenbydraes word jaarliks op 1 Maart, saam met die verhoging van traktement, aangepas. Die salaris (pensioengewende inkomste) waarop bydraes en risiko-voordele bereken word, beloop vanaf 1 Maart 2018 **R411 880**. Dit is gebaseer op die maksimum salaris (topskaal) plus 'n bonus (dertiende tjek) asook 'n 7% addisionele voorsiening (R29 610 x 13 = R384 930 + 7% = R411 880).

Die voordele en verpligtinge wat vanaf 1 Maart 2018 geld, word volledig uiteengesit in die **aangehegte bylaes**. Die lid se bydrae vanaf 1 Maart 2018 word gebaseer op die predikant se ouderdom op 1 Januarie 2018 **[Bylaes A en B]**. Die bydraes vir Januarie en Februarie 2018 verander nie. Dit bly dieselfde as gedurende 2017.

Risikovoordele word nie deur die PPF verskaf nie, maar is wel aan lidmaatskap van die PPF gekoppel. Aktiewe lede geniet tans buigsame sterftedekking, ongeskiktheidsdekking en gadedekking. Veranderinge aan risikodekking geskied elke jaar op 1 Maart.

3. PREMIES

Die Pensioenkantoor trek maandeliks een bedrag per debietorder vanaf die werkgewer (gemeente) se bankrekening. Hierdie debietorder sluit die volgende premies in:

(a) Lid- en werkgewerbydraes [Die premie (R263,00) vir die ongeskiktheidsdekking se inkomstevervangingsvoordeel (net tot ouderdom 60) en die opsionele addisionele sterftedekking (sien paragraaf 6.2 hier onder) word van die werkgewerbydrae verhaal].

(b) Verpligte sterfte- en ongeskiktheidsdekking – R320,00 (waarvan die werkgewer en werknemer elkeen R160 betaal).

(c) Verpligte gadeversekering (vir getroudes) – R26,00.

4. GADEVERSEKERING

Gadeversekering (verpligtend as daar ’n gade is) is gelyk aan een keer die risikosalaris (R411 880). Die premie is R26,00 per maand.

GADEVERSEKERING

R411 880

R26,00 per maand

5. VERPLIGTE GROEPVERSEKERING: STERFTE- EN ONGESKIKTHEIDSDEKKING

5.1 Die Verpligte Groepversekering vir sterfte- en ongeskiktheidsdekking koop sterftedekking gelyk aan vier keer die risikosalaris. Dit is **R1 647 520**. (R411 880 x 4 = R1 647 520)

5.2 Die maandelikse premie is **R320,00**. Die lid en die werkgewer betaal elkeen 50% (R160,00) van hierdie premie. Hierdie premie word addisioneel tot die pensioenfondsbydrae betaal. Ja, u lees korrek! Dit is goedkoper as verlede jaar!

5.3 Die verpligte premie sluit ook ongeskiktheidsdekking in waarvan die enkelbedrag gelyk is aan **drie** keer die risikosalaris, naamlik **R1 235 640.** (R411 880 x 3 = R1 235 640)

STERFTEDEKKING

R1 647 520

ONGESKIKTHEIDSDEKKING

R1 235 640

PREMIE

R320,00 per maand

Lid: R160,00

Werkgewer: R160,00

5.4 Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel

Die Verpligte Groepversekering sluit ’n Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel **(Bylae E)** in. Dit beskerm die familie teen uitgawes ten opsigte van kinders se opvoeding na die dood van ’n lid. Die onderriggelde, voorwaardes, tydperke en kwalifiseringsvereistes word volledig in Bylaag E verduidelik.

6. LID- EN WERKGEWER BYDRAES

Die lid- en werkgewerbydraes tot die Pensioenfonds word gebruik om die lid se fondskrediet in die fonds op te bou. Die volle bedrag word egter nie vir die fondskrediet gebruik nie. Die volgende bedrae word van die **werkgewerbydrae** afgetrek:

(a) Premie vir lede jonger as 60 jaar vir die ongeskiktheidsdekking se inkomstevervangingsvoordeel. Hierdie premie beloop R263,00 per maand vanaf 1 Maart 2018.

(b) Lid se premie (indien van toepassing) vir addisionele sterftedekking. Hierdie opsionele addisionele sterftedekking se premie kan wissel van R65,00 per maand tot R523,00 per maand.

(c) Koste om die Pensioenfonds te bedryf. Dit sluit uitgawes van die voorkantoor (die Sinodale kantoor), die dienste van die konsultante, die aktuaris en die administrateurs (Alexander Forbes), die RFD (Raad op Finansiële Dienste) se heffings, die beleggingskonsultant (Towers Watson), koste van Trustee-vergaderings, regskoste en die ouditeur (Deloitte) in. Die koste is gekoppel aan die aantal lede (meer lede laat die koste per lid daal) en moontlike addisionele dienste wat van diensverskaffers verlang word. Die koste kan dus wissel rondom ongeveer R350 per maand. Koste kan maandeliks op die lid se persoonlike profiel op Alexander Forbes se webblad nagegaan word (https://login.alexanderforbes.co.za). [Werkgewer se bruto bydrae minus (a) en (b) hier bo minus wat op Alexander Forbes se staat staan, is die koste.]

6.1 Ongeskiktheidsdekking

Die maandelikse inkomstevervangingsvoordeel is gebaseer op 66,67% van die risikosalaris (R411 880), dit wil sê R22 883 per maand (R411 880 x 66,67% ÷ 12). Die premie vir die voordeel beloop R263,00 per maand.

By ongeskiktheid van ’n lid, sal die versekeraar ook die lid se pensioenfondsbydraes op die 16,8% bydraevlak in stand hou tot op ouderdom 60.

Ongeskiktheidsvoordele word volgens die diskresie van die versekeraar (Sanlam), vir sekere toestande tot 91,67% van die risikosalaris aangepas, dit wil sê R31 464 per maand (R411 880 x 91,67% ÷ 12). Om vir hierdie ekstra 25% (91,67% in plaas van 66,67%) voordeel te kwalifiseer, moet ’n lid aan die voorgeskrewe kriteria volgens die polis ooreenkoms voldoen.

Ongeskiktheidsvoordele is slegs van toepassing op lede jonger as 60 jaar. Lede bo 60 jaar geniet nie ongeskiktheidsvoordele nie. Die betrokke premie word daarna maandeliks by aftreevoordele gestort.

6.2 Opsionele addisionele sterftedekking

Lede van die Pensioenfonds het die keuse om addisionele sterftedekking uit te neem. Die premie vir die addisionele sterftedekking word uit die werkgewerbydrae tot die Pensioenfonds verhaal. Hoe groter die lid se keuse vir addisionele sterftedekking is, hoe kleiner word die bedrag wat na die lid se fondskrediet gaan. Die lid betaal dus nie ’n afsonderlike bedrag vir die addisionele sterftedekking nie.

Opsionele addisionele sterftedekking word gekoppel aan veelvoude van die risikosalaris (R411 880). Dit kan wissel van een tot agt keer die risikosalaris. Die opsionele sterftedekking is bo en behalwe die vier keer verpligte sterftedekking (R1 647 520) wat die lid reeds geniet.

’n Lid kan kies om slegs die verpligte sterftedekking te neem (vier keer die risikosalaris). ’n Lid wat die maksimum addisionele dekking (agt keer) kies, kry dus sterftedekking van twaalf keer die risikosalaris, naamlik **R4 942 560** (4 + 8 = 12 x R411 880= R4 942 560).

Die premie vir die addisionele sterftedekking is ongeveer R65,00 per maand vir elke veelvoud van die risikosalaris. Die beskikbare dekkingsvlakke, insluitend die verpligte dekking en die betrokke premies is as volg:

	A1	+ B1	= C1	A2	+ B2	= C2
4 x RS (verplig)	320	Geen	320	1 647 520	Geen	1 647 520
5 x RS (**1** x opsioneel)	320	65	385	1 647 520	411 880	2 059 400
6 x RS (**2** x opsioneel)	320	131	451	1 647 520	823 760	2 471 280
7 x RS (**3** x opsioneel)	320	196	516	1 647 520	1 235 640	2 883 160
8 x RS (**4** x opsioneel)	320	261	581	1 647 520	1 647 520	3 295 040
9 x RS (**5** x opsioneel)	320	327	647	1 647 520	2 059 400	3 706 920
10 x RS (**6** x opsioneel)	320	393	713	1 647 520	2 471 280	4 118 800
11 x RS (**7** x opsioneel)	320	457	777	1 647 520	2 883 160	4 530 680
12 x RS (**8** x opsioneel)	320	523	843	1 647 520	3 295 040	4 942 560

Hoe om die Tabel te lees:
RS = Risikosalaris (R411 880).
Blou (A) is verpligtend. Groen (B) is opsioneel.
Die blou bydrae (A1) “koop” die blou dekking (A2).
Die groen bydrae (B1) koop die groen dekking (B2).
Bruin (C1) is die totale bydrae (A1 + B1).
C1 “koop” die totale dekking soos in C2 (A2 + B2) genoem.

Voorwaardes en terme van opsionele buigsame lewensdekking

(a) Keuses moet as veelvoude van die risikosalaris gemaak word bo die vlak van verpligte dekking (vier keer die risikosalaris).

(b) Nuwe lede **ouer** as 55 jaar sal vir alle keusedekking bewys van goeie gesondheid moet lewer.

(c) Nuwe lede **jonger** as 55 jaar kry dekking medies bewysvry tot en met ’n limiet van R5,5 miljoen.

(d) ’n 2-Jaar selfdood klousule is van toepassing op enige keusedekking vanaf die aanvangsdatum vir nuwe en bestaande lede en vanaf enige verhoging in keusedekking.

(e) Die dekkingsveelvoud kan jaarliks op 1 Maart verlaag word.

(f) Dekking kan slegs verhoog word indien:
’n lid in die huwelik tree
’n kind gebore word
op die skema verjaardag elke jaar met mediese vereistes vanaf Maart 2018.

(g) Indien bogenoemde gebeurtenisse plaasvind, het ’n lid **drie maande** grasie om dekking te verhoog.

(h) Lede moet hulle keuse vir die opsionele addisionele lewensdekking **skriftelik** doen. Gebruik Bylae C se vorm. Lede wat nie ’n nuwe skriftelike keuse voorsien nie, **bly op die huidige gekose dekking (2017/2018)**. Lede van wie geen keusevorm nog ooit ontvang is nie, bly op die verstekkeuse, naamlik vier keer die risikosalaris (R411 880 x 4 = R1 647 520). Skakel gerus die Pensioenkantoor om u huidige vlak van dekking te bevestig óf indien u u dekking sou wou aanpas.

6.3 Inligtingstuk

Aangeheg vind u ’n inligtingstuk **(Bylae D)** in vraag en antwoord formaat wat u kan help om ’n ingeligte besluit rakende die omvang van sterftedekking te maak. U is welkom om met u finansiële adviseur en/of die **Pensioenkantoor** hieroor oorleg te pleeg, sou daar enige onsekerhede wees.

7. BELASTINGIMPLIKASIES T.O.V. ENKELBEDRAG STERFTE- EN ONGESKIKTHEIDSVOORDELE

Versekerde voordele word op ’n losstaande basis buite die Pensioenfonds hanteer.

7.1 Sterftevoordele

Aangesien die premies vir die sterftedekking en enkelbedrag ongeskiktheidsdekking gedeeltelik of ten volle namens die lid betaal word, is daar byvoordeelbelasting deur die lid betaalbaar. Die voordeel is dat die sterftedekking en enkelbedrag ongeskiktheidsdekking in totaliteit belastingvry betaal sal word ten tye van ’n eis.

Die volgende bedrae moet dus vanaf 1 Maart 2018 as belasbare byvoordele deur die betaalstelsel van predikante gekanaliseer word:

- Ten opsigte van die vier keer verpligte dekking (R1 647 520) moet ’n maandelikse bedrag van **R160,00 as belasbare werkgewerbydrae** by inkomste gevoeg word. Dit verteenwoordig die helfte van die totale premie wat namens die lid betaal word. Die ander helfte van die premie word (soos voorheen) deur die predikant met na-belaste geld betaal en daar is dus nie byvoordeelbelasting daarop ter sprake nie.
- Indien die predikant van die opsionele lewensdekking gebruikmaak, het dit **verdere belastingimplikasies**, want die werkgewer betaal dit as deel van die werkgewerbydrae. Die addisionele premie moet ook **as ’n belasbare byvoordeel** verreken word. Onderstaande tabel toon die **totale belasbare byvoordeel** ten opsigte van opsionele lewensdekking in die “maandelikse premie” kolom.

	Samestelling	Maandelikse premie
5x	R160,00 + R65,00	R225,00
6x	R160,00 + R131,00	R291,00
7x	R160,00 + R196,00	R356,00
8x	R160,00 + R261,00	R421,00

	Samestelling	Maandelikse premie
9x	R160,00 + R327,00	R487,00
10x	R160,00 + R393,00	R553,00
11x	R160,00 + R457,00	R617,00
12x	R160,00 + R523,00	R683,00

Die totale maandelikse belasbare byvoeging op die betaalstaat, word volgens die predikant se keuse van dekking gedoen, wat tot gevolg sal hê dat die netto salaris effens sal verminder ten einde voordele belastingvry te ontvang. Navrae in dié verband kan aan **Stephanie van der Merwe** by **021 957 7116** gerig word.

Die akkurate en tydige implementering hiervan op die betaalstate van predikante is belangrik ten einde aan die SAID se vereistes te voldoen.

7.2 Ongeskiktheidsvoordele [slegs van toepassing op lede jonger as 60 jaar]

Sedert 1 Maart 2015 kwalifiseer premies ten opsigte van inkomste vervanging ongeskiktheids-dekking nie meer as ’n belasting aftrekking nie. Voordeel betalings word dienooreenkomstig ook nie meer belas nie.

Die bedrag van **R263,00** word maandeliks per lid (jonger as 60 jaar) uit die werkgewerbydrae aan die versekeraar oorbetaal om voorsiening te maak vir moontlike ongeskiktheidsvoordeel eise.

Van werkgewers word verwag om die bedrag van **R263,00** as belasbare byvoordeel by die predikant se belasbare inkomste in te sluit.

8. IN-FONDS LEWENDE ANNUÏTEIT (IFLA)

Die IFLA (in-fonds lewende annuïteit) bied nou aan lede die opsie om by aftrede 'n lewende annuïteit binne die Predikante Pensioenfonds te kies. Volledige dokumentasie hieroor is op 24 Oktober 2017 aan al die aktiewe lede beskikbaar gestel.

Lede word sterk aangemoedig om tydig, maar veral vanaf ouderdom 57, 'n professionele finansiële adviseur se advies te vra. Die PPF se Beheerliggaam het finansiële adviseurs van Sanlam en Alexander Forbes gekeur en 'n diensvlakooreenkoms met die betrokke maatskappye gesluit. Die voordeel hiervan is dat die ooreengekome fooie van die lid se fondswaarde verhaal word. Lede kan ook hul eie adviseurs aanstel en fooie met hul beding.

9. DEBIETORDERS EN WYSIGINGS

Bydraes word via debietorder op die 25ste van die maand van elke deelhebber (gemeente) se bankrekening verhaal. Alle wysigings (bedanking, aftrede, uitdienstrede, ensovoorts) moet vóór die **10de** van die maand aan die Pensioenkantoor gekommunikeer word.

10. VERANDERING VAN BYDRAEVLAK

Die bydraevlak kan ter enige tyd deur die lid verander word. Stel asseblief die Pensioenkantoor in kennis van enige verandering in bydraevlak.

11. PENSIOENKANTOOR

Die sinodale kantoor van Wes-Kaapland bedryf die Pensioen-kantoor. Alle navrae ten opsigte van pensioenaansoeke, uitdienstredings en arbeidsonbevoegde eise word hier hanteer. Alle verskuiwings of enige verandering van bydraevlak moet ook by die Pensioenkantoor aangemeld word. Die kontakpersoon is **Elodie van der Walt.** Sy kan by **021 957 7115** geskakel word.

PENSIOENKANTOOR

De Langestraat 5, Bellville
Elodie van der Walt
021 957 7115
pensioen@kaapkerk.co.za

12. AANSOEK OM PENSIOENVOORDELE

Predikante wat oorweeg om af te tree moet asseblief minstens **twee maande** voor die aftreedatum met die Pensioenkantoor in verbinding tree, sodat al die dokumentasie betyds voltooi kan word. Dit help om die spoedige uitbetaling van aftreevoordele te verseker.

Lede wat met vervroegde pensioen aftree, het die keuse om met die groepversekering (vier keer sterftedekking) voort te gaan tot op 65. Kontak die Pensioenkantoor vir meer besonderhede.

13. BYDRAESTAAT

Die Pensioenkantoor stuur in Maart vir elke deelhebber (gemeente) 'n bydraestaat wat die nuwe bydraes per lid en die totaal per deelhebber (gemeente) aandui. Dit sal die verantwoordelike finansiële beampte help om elke personeellid (predikant) se aftrekkings, insluitend die belasting, korrek te bereken.

Vriendelike groete

Ds Bossie Minnaar
HOOFBEAMPTE

VRYWARING

Die belasting inligting in paragraaf 7 is bedoel om u op hoogte te hou van die veranderinge en is nie bedoel om 'n omvattende verklaring van die Wet te wees nie. Dit mag nie as 'n substituut vir spesifieke belastingadvies dien nie. Konsulteer die SAID of u ouditeur indien enige twyfel in 'n saak bestaan. Geen aanspreeklikheid word vir enige foute, weglating of opinies in hierdie dokument vervat, aanvaar nie. Die toepaslike IRP5-kodes vir sterftedekking en ongeskiktheidsdekking word jaarliks deur SAID verander. Hou hul kennisgewings in dié verband dop.

VOORDELE EN VERPLIGTINGE VANAF 1 MAART 2018

Risikosalaris = maksimum traktement plus diensbonus per jaar: R411 880,00 (voorsiening van 7% ingesluit)

1. STERFTEVOORDELE T.O.V. DOOD VOOR AFTREDE

4x Risikosalaris **verpligte** sterftedekking	*R1 647 520,00*
Opsionele buigsame sterftedekking	
x1 (Totaal 5x Risikosalaris)	*R2 059 400,00*
X2 (Totaal 6x Risikosalaris)	*R2 471 280,00*
X3 (Totaal 7x Risikosalaris)	*R2 883 160,00*
X4 (Totaal 8x Risikosalaris)	*R3 295 040,00*
X5 (Totaal 9x Risikosalaris)	*R3 706 920,00*
X6 (Totaal 10x Risikosalaris)	*R4 118 800,00*
X7 (Totaal 11x Risikosalaris)	*R4 530 680,00*
X8 (Totaal 12x Risikosalaris)	*R4 942 560,00*

Volle Fondskrediet (opgelope waarde in die Pensioenfonds) word uitbetaal.

2. ONGESKIKTHEIDSVOORDELE

Minimum Jaarlikse inkomste (66,67% x Risikosalaris)	*R 274 600,00*
Maksimum jaarlikse voordeel, onderhewig aan versekeraar se kriteria (91,67% x Risikosalaris)	*R 377 570,00*
Enkelbedrag uit Groepskema onderhewig aan sekere voorwaardes	*R1 235 640,00*

3. GADEVERSEKERING

Indien van toepassing	*R 411 880,00*

4. BYDRAES

4.1 Verpligtinge van gemeente

Per predikantspos	16,8% Bydraevlak	19,2% Bydraevlak	21,5% Bydraevlak
Kontribusie (p.m.) (Versterkingsfonds)	*R5 767,00*	*R6 591,00*	*R7 380,00*
50% premie (Groepversekering)	*R 160,00*	*R 160,00*	*R 160,00*
	R5 927,00	***R6 751,00***	***R7 540,00***

Die **VGK** se gemeentes het volgens eie keuse nie deel aan die Versterkingsfonds nie met die gevolg dat hul kontribusie slegs **R4 325,00 p.m**. (op 16,8% vlak) is. Groepversekering ten bedrae van **R160,00 p.m.** moet egter bygevoeg word.

4.2 Verpligtinge van leraar(s)

4.2.1 Persoonlike bydraes (per maand)

Ouderdom aan begin van 2018	7,5% Bydraevlak	9,375% Bydraevlak	11,250% Bydraevlak
Tot 34	*R1 667,00*	*R2 084,00*	*R2 500,00*
35	*R1 768,00*	*R2 210,00*	*R2 652,00*
36	*R1 869,00*	*R2 336,00*	*R2 803,00*
37	*R1 970,00*	*R2 462,00*	*R2 954,00*
38	*R2 070,00*	*R2 588,00*	*R3 105,00*
39	*R2 171,00*	*R2 714,00*	*R3 257,00*
40	*R2 272,00*	*R2 840,00*	*R3 408,00*
41	*R2 373,00*	*R2 966,00*	*R3 559,00*
42	*R2 474,00*	*R3 092,00*	*R3 711,00*
43 en ouer	*R2 575,00*	*R3 218,00*	*R3 862,00*

4.2.2 Groepversekering (4x Verpligte sterftedekking)

50% van premie deur leraar *R160,00 p.m.*

4.2.3 Gadeversekering (indien van toepassing)

100% van premie *R 26,00 p.m.*

4.3 Kapelane

Groepversekering (volle premie) *R320,00 p.m.*

100% Gadeversekering (indien van toepassing) *R 26,00 p.m.*

Al bogenoemde bedrae, soos van toepassing, word per debietorder van die deelhebber/werkgewer/gemeente verhaal.

Hierdie is slegs 'n opsomming van die voordele en wysigings en vervang nie die reëls van die PPF of die bepalings van die Versekeraars (waar van toepassing) nie.

MAANDELIKSE BYDRAES SOOS PER VERSKILLENDE PENSIOENFAKTORE
PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA

(1 Maart 2018)

PGI = R411 880

MAANDELIKSE BYDRAES PER GEMEENTE

	LIDMAATSKAP KATEGORIE					
GEMEENTELIKE KONTRIBUSIE	**9.8% bydraevlak**	**12.1% bydraevlak**	**14.5% bydraevlak**	**16.8% bydraevlak**	***Minimum aanbevole riglyn* 19.2% bydraevlak**	**21.5% bydraevlak**
KATAGORIE 1 - VERSTERKINGSFONDS	R 3 364	R 4 154	R 4 977	R 5 767	R 6 591	R 7 380
KATAGORIE 2 - NIE-VERSTERKINGSFONDS (VGK) - (2 lede)	-	-	-	R 4 326	-	-

MAANDELIKSE BYDRAES PER LID

Ouderdom laaste verjaarsdag op 01-01-2018	**Pensioengewende Besoldiging**	**% van PGI#**	LIDMAATSKAP KATEGORIE					
			1.875% van PGI (voorheen 25%)	**3.750% van PGI (voorheen 50%)**	**5.625% van PGI (voorheen 75%)**	**7.5% van PGI (voorheen 100%)**	**9.375% van PGI (voorheen 125%)**	**11.250% van PGI (voorheen 150%)**
34 en jonger	R 266 655.00	5.05%	**R 417**	**R 834**	**R 1 250**	**R 1 667**	**R 2 084**	**R 2 500**
35	R 282 791.00	5.15%	**R 442**	**R 884**	**R 1 326**	**R 1 768**	**R 2 210**	**R 2 652**
36	R 298 926.00	5.19%	**R 468**	**R 935**	**R 1 402**	**R 1 869**	**R 2 336**	**R 2 803**
37	R 315 062.00	5.44%	**R 493**	**R 985**	**R 1 477**	**R 1 970**	**R 2 462**	**R 2 954**
38	R 331 198.00	5.70%	**R 518**	**R 1 035**	**R 1 553**	**R 2 070**	**R 2 588**	**R 3 105**
39	R 347 333.00	5.96%	**R 543**	**R 1 086**	**R 1 629**	**R 2 171**	**R 2 714**	**R 3 257**
40	R 363 469.00	6.26%	**R 568**	**R 1 136**	**R 1 704**	**R 2 272**	**R 2 840**	**R 3 408**
41	R 379 604.00	6.56%	**R 594**	**R 1 187**	**R 1 780**	**R 2 373**	**R 2 966**	**R 3 559**
42	R 395 740.00	6.88%	**R 619**	**R 1 237**	**R 1 856**	**R 2 474**	**R 3 092**	**R 3 711**
43 en ouer	R 411 880.00	7.50%	**R 644**	**R 1 288**	**R 1 931**	**R 2 575**	**R 3 218**	**R 3 862**

* ***Maandelikse bydraes word gebaseer op Pensioengewende Besoldiging vermenigvuldig met die Pensioenfaktor.***

*** Bylae C ***

PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN SA
Hoofbeampte: Ds AH Minnaar
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530
Privaat sak X8
BELLVILLE
7535
www.ppfkaapkerk.co.za
Registrasieno 12/8/3615/1
T 021 957 7100
S 083 270 5211
E bossie@kaapkerk.co.za

Keuse ten opsigte van sterftedekking

(*slegs van toepassing vir nuwe toetreders **óf** vir huidige lede wat dekkingsveelvoud* **[sien 6.2 en 7.1]** *wil verhoog of verlaag*)

***Naam en voorletters**:* .....

***ID Nommer**:* .....

***Deelnemende werkgewer (Gemeente of instansie)**:* .....

Dui asseblief u keuse aan deur 'n kruis (x) in die toepaslike blokkie te maak. Die **verstekopsie** is gelyk aan vier keer die risikosalaris. Dit is R1 647 520 (411 880 x 4) . Indien u nie 'n opsionele addisionele dekking kies nie, sal u sterftedekking outomaties gestel word op R1 647 520.

Ek kies om die volgende sterftedekking te neem (merk met 'n kruis in die keuse kolom):

Verplig	Addisioneel		Totaal	Keuse	Premie per maand
1 647 520		= 4x RS	1 647 520		320,00
1 647 520	plus 1 x	= 5x RS	2 059 400		385,00
1 647 520	plus 2 x	= 6x RS	2 471 280		451,00
1 647 520	plus 3 x	= 7x RS	2 883 160		516,00
1 647 520	plus 4 x	= 8x RS	3 295 040		581,00
1 647 520	plus 5 x	= 9x RS	3 706 920		647,00
1 647 520	plus 6 x	= 10x RS	4 118 800		713,00
1 647 520	plus 7 x	= 11x RS	4 530 680		777,00
1 647 520	plus 8 x	= 12x RS	4 942 560		843,00

RS = Risikosalaris

VERKLARING

Ek verklaar dat ek die risikodekking van die PPF en my keuses daaromtrent verstaan en dat ek die nodige advies ingewin het waar nodig. Ek verklaar dat ek die implikasies van my keuse verstaan. Hiermee vrywaar ek die Fonds, die Trustees en die Hoofbeampte van die Fonds en my Werkgewer teen enige eis van watter aard ook al wat uit my sterftedekkingkeuse mag voortspruit.

_____ _____ _____

Naam **Handtekening** **Datum**

Die voltooide vorm moet die Pensioenkantoor teen Vrydag 16 Februarie 2018, óf binne 14 dae na aanstelling bereik. Faks na 086 524 7153 of e-pos na pensioen@kaapkerk.co.za. Kontak Elodie van der Walt by 021 957 7115 indien u enige navrae in hierdie verband het.

Die onus is op die lid om die vorm korrek te voltooi en indien nie korrek voltooi is nie, sal die vorm ongeldig wees en sal die verstekopsie op die lid van toepassing wees.

INLIGTINGSTUK – VRAE EN ANTWOORDE

Hierdie inligtingstuk kan u help om ’n ingeligte besluit rakende die omvang van u sterftedekking te maak. U is welkom om met u finansiële adviseur en/of die Pensioenkantoor hieroor oorleg te pleeg, sou daar enige onsekerhede wees.

1. Wat behels my versekerde voordele vanaf 1 Maart 2018?

Die veranderinge wat aan die risikovoordele gemaak word kan as volg opgesom word:

- Buigsame sterftedekking laat u toe om tot 8x risikosalaris bo-en-behalwe die kerndekking van 4-maal risikosalaris op ’n vrywillige basis te neem.
- Dekkingsveelvoud kan jaarliks op **1 Maart** verhoog/verlaag word.
- Die vlak van dekking vir gadeversekering (m.a.w. dekking wat betaalbaar is indien u gade te sterwe sou kom) is gekoppel aan risikosalaris, en die enkelbedrag verhoog na R411 880.
- Ongeskiktheidsvoordele is volgens die diskresie van die versekeraar, vir sekere toestande met 25% tot 91,67% van risikosalaris aangepas.
- Die Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel se voordele is opwaarts aangepas.

Verdere detail oor hierdie voordele word vervat in die skrywe waaraan hierdie Bylae geheg is.

2. Waarom het die Trustees besluit om buigsame sterftedekking in plek te sit?

Die Trustees evalueer deurlopend risikovoordeelkostes en ondersoek wyses waarvolgens aftreevoordele ’n verdere hupstoot kan kry. Op grond van lede se versoeke is ’n ondersoek oor buigsame risikovoordele gedoen, wat hul in staat sal stel om lewensdekking aan te pas na gelang van hul behoeftes. Aan die hand van die resultate van hierdie ondersoek en in erkenning van die behoeftes van die meerderheid lede is die besluit geneem om buigsame sterftedekking in plek te sit.

3. Wat beteken buigsame sterftedekking vir my?

Verpligte sterftekking van 4x risikosalaris word by verstek gebied. Afhangend van u persoonlike omstandighede kan u dus die keuse uitoefen om addisionele dekking, in veelvoude van 1x risikosalaris en tot-en-met 8x risikosalaris, te neem om die behoefte vir finansiële sekuriteit vir u gade en kinders aan te spreek.

Daar is in alle gevalle ’n addisionele premie betaalbaar vir addisionele dekking, wat ’n direkte impak het op die maandelikse bedrag wat na aftreebesparing gaan.

4. Hoe weet ek watter vlak van dekking ideaal is vir my?

Ideaal gesproke moet u finansiële advies inwin waarin elke aspek van u finansies ontleed word om gebreke en behoeftes te identifiseer en aan te spreek.

Die tipiese vrae wat in so tipe ontleding gevra word is, byvoorbeeld:

- Is u getroud? Indien wel, is u gade werksaam?
- Het u kinders wat finansieel afhanklik is van u?
- Het u enige skuld wat gedelg moet word indien u sou sterf?
- Watter ander lewensversekering het u?
- Wat is die totale bedrag wat uitbetaal sou word indien u sterf en voorsien dit aan die behoeftes van u afhanklikes in u afwesigheid?

Groepversekering bied ’n baie kostedoeltreffende manier om lewensversekering te verkry. Buigsame sterftevoordele bied toegang tot hierdie doeltreffendheid en laat steeds toe vir individue wat nie dekking benodig nie om minder te spandeer aan versekering en meer te spaar vir aftrede.

5. Wat is die koste-impak van hierdie verandering?

Punt 6.2 van die brief wat hierdie Bylae vergesel bevat detail oor die koste van kern- en addisionele dekking.

6. Hoe oefen ek nou my keuse uit, en is dit nodig om my bestaande keuse te verander?

Bylae C van hierdie skrywe bevat ’n opsievorm wat deur u voltooi kan word indien u sou kies om lewensdekking bo die 4x risikosalaris kernvlak te neem. Andersyds kry u nou die jaarlikse geleentheid om u dekkingsveelvoud te verhoog/verlaag, onderhewig aan die Versekeraar se vereistes. Indien u bestaande keuse wil verander, moet die Pensioenkantoor voor **16 Februarie 2018** hiervan in kennis gestel word.

7. Kan ek my keuse later verander?

U kan, maar om te voorkom dat individue ekstra sterftedekking neem in tye wanneer daardie persone voel dat daar dalk ’n groter waarskynlikheid vir ’n eis is, het Sanlam sekere reëls in plek gesit oor die tye wanneer dekking verander kan word. Die volgende reëls geld:

(a) Dekking kan op 1 Maart elke jaar verhoog of verlaag word. Lede wat keuse verhoog, gaan versoek word om mediese verslag aan die Versekeraar beskikbaar te stel.

(b) Dekking kan verhoog word binne drie maande van die volgende gebeurtenisse:
- u in die huwelik tree, of
- ’n kind gebore word.

Dit is van uiterste belang dat u die Pensioenkantoor skriftelik in kennis stel van u keuse, indien enige, binne die tydsraamwerk hierbo, om te verseker dat u ten alle tye voldoende dekking geniet. Indien u na 1 Maart 2018 geen verdere keuses uitoefen nie, sal die keuse wat u voorheen uitgeoefen het voortaan steeds geld. **U hoef dus nie jaarliks u bestaande keuse te bevestig nie.**

8. Is daar beperkings op wat ek kan kies?

U keuse moet in veelvoude van 1x risikosalaris wees. Verder mag u ’n maksimum van 8x risikosalaris kies, wat u dus ’n totale dekking van 12x risikosalaris sal gee.

Nuwe lede ouer as 55 jaar sal vir alle keusedekking bewys van gesondheid moet lewer.

Nuwe lede jonger as 55 jaar kry dekking medies bewysvry tot en met ’n limiet van R5,5 miljoen.

9. Ek is steeds nie seker hoeveel versekering ek het en hoeveel ek nodig het nie. Wat staan my te doen?

Indien u steeds onseker is oor hierdie veranderinge, is u welkom om met die Pensioenkantoor hieroor oorleg te pleeg. Verder sou dit ideaal wees indien u finansiële advies van ’n geregistreerde adviseur inwin.

OPVOEDINGSBESKERMER

1. Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel

Die Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel beskerm die familie teen uitgawes ten opsigte van die kinders se opvoeding na die dood van die lid. Indien die hooflid te sterwe kom sal die Universele Opvoedingsbeskermer-voordeel, addisioneel tot die normale doodsvoordeel, die werklike koste (beperk tot seker maksimums) wat aangegaan word ten opsigte van die onderrig van 'n kwalifiserende kind, direk aan die betrokke opvoedkundige inrigting betaal.

Die voordeel mag geëis word ten opsigte van 'n jaar van onderrig. Dit beteken voordele moet geëis word vir elke jaar van onderrig soos en wanneer kostes aangegaan is vir daardie jaar. Bo en behalwe die onderrig-fooie wat geëis kan word, kan die volgende ook per jaar geëis word:

- 'n boeke-toelaag – die werklike koste wat aangegaan word tot 'n maksimum van 10% van die onderriggelde is betaalbaar (na die onderstaande maksimums toegepas is)
- Universiteit- of technikon-inwoningstoelaag – die werklike koste vir universiteit- of technikon inwoning tot 'n maksimum van 30% van die onderriggelde is betaalbaar (na die onderstaande maksimums toegepas is). *(Let wel hierdie toelaag is slegs betaalbaar vir studies aan 'n universiteit of technikon en sluit nie ambagsdiplomas/sertifikate in nie.)*

Die werklike onderriggelde is beperk tot die volgende maksimums:

Maksimum voordeel vir Onderriggelde *(Let wel: Boeke-toelaag en universiteit-inwoningstoelaag is uitgesluit.)*		
Opvoedkundige Inrigting	**Maksimum voordeel per kind**	**Maksimum tydperk**
Voorskool (Graad 0 of Graad R)	R38 000 per jaar	1 jaar
Laerskool (Graad 1 – 7)	R75 000 per jaar	7 jaar
Hoërskool (Graad 8 – 12)	R85 000 per jaar	5 jaar
Tersiêre onderrig	Plaaslik: R55 000 Internasionaal: $60 000 per jaar	Die duur van 'n eerste graad of ambags-diploma of 'n soortgelyke kwalifikasie deur 'n opvoedkundige inrigting toegestaan.

Alle Suid-Afrikaanse skole en universiteite is ingesluit in die voordeel sowel as universiteite van tegnologie (technikons) en geregistreerde instansies wat 'n ambagskwalifikasie aanbied (soos loodgieter en elektrisiën). Sekere buitelandse universiteite is ook ingesluit.

Neem asseblief kennis:

- **Geen voordeel sal uitbetaal word indien die kind om watter rede ook al nie 'n opvoedkundige inrigting bywoon nie. Tuisonderrig is spesifiek uitgesluit van die voordeelbetaling.**
- Geen voordeel is betaalbaar indien die lid ongeskik raak nie.
- Geen voordeel sal betaalbaar wees by die dood van die gade nie. Indien albei ouers lede is van verskillende groepskemas wat by Sanlam verseker word en albei sterf gelyktydig, sal geen bykomende betalings meer as die werklike koste van die kind se onderrig gemaak word nie.
- Voordele kan net geëis word nadat die doodseis deur Sanlam goedgekeur is.

2. Tydperk van onderrig

Die tydperk van onderrig is beperk tot die vroegste van die verkryging van die eerste graad/ambagsdiploma of sertifikaat of aan die einde van die jaar waarin die kind 23 word.

Die jare van onderrig moet aaneenlopend sonder onderbreking wees andersins sal die voordeel staak. Indien ’n kind ’n jaar van onderrig druip, sal geen voordeel betaal word om daardie jaar te herhaal nie.

3. Kwalifisering

Slegs kwalifiserende kinders sal voordeelbetalings onder hierdie byvoordeel ontvang (geen maksimum getal kinders nie). ’n Kwalifiserende kind word soos volg omskryf:

- ’n biologiese (ingesluit ongebore) kind gebore na die aanvang van die versekerde se dekking, of
- ’n wettig aangenome kind van die versekerde is. Die datum van aanneming of aansoek om aanneming moet voor die datum van die versekerde se afsterwe wees, of
- ’n stiefkind (bekragtig deur ’n wettige huwelik van die versekerde), of

met dien verstande dat ’n kwalifiserende kind wat 18 jaar en ouer, maar nog nie 24 jaar is nie en by die versekerde se afsterwe alreeds ingeskryf en aanvaar is as student by die toepaslike opvoedkundige instansie.